## *Lees en kyk met begrip Graad 8 Afrikaans Huistaal*

# MEMORANDUM

| NASIENRIGLYNE |
|---|
| **ALGEMENE RIGLYNE** |
| • Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)<br>• Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.<br>• Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede of die motivering verdien die punt.<br>• Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.<br>• Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.<br>• Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.<br>• Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar. |

## TEMA 1: VERMAAK

**Leesbegrip [bl. 5]**
**Seal Team**

| NO | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1. | Die woord robbe is in die titel.<br>Die foto is van ’n rob. | (2) | [5] |
| 2. | Waar | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Wêreldtreffer | (1) | [3] |
| 3. | • Dit is 'n fliek wat uitgebeeld word met karakters wat geteken of geskep is deur kunstenaars.<br>• Dit is 'n fliek wat nie regte mense in het nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). | (1) | [3] |
| 4. | Die sanger Seal. | (1) | [1] |
| 5. | Brittanje | (1) | [2] |
| 6. | • Die fliek is nie in Suid-Afrika gemaak nie.<br>• Die fliek is oorsee gemaak.<br>• Die fliek is in 'n ander land gemaak.<br>(Enige EEN van die bogenoemde). | (1) | [4] |
| 7. | • Die robbe lyk soos die seerobbe wat jy in die Kaap kry.<br>• Daar is bekende plekke van die Kaap in die fliek byvoorbeeld V&A Waterfront en die kelpwoud.<br>• Die robbe praat met 'n Afrikaanse aksent.<br>(Enige EEN van die bogenoemde). | (1) | [3] |
| 8. | bokkoms | (1) | [3] |
| 9. | Tiggerfish | (1) | [2] |
| 10. | Creig Cameron | (1) | [1] |
| 11. | "My tweejarige dogtertjie vra gereeld om 'Pappa se fliek' te kyk" | (1) | [2] |
| 12. | Hy is die uitvoerende hoof. | (1) | [1] |
| 13. | kind | (1) | [3] |
| 14. | 14.1 B. 12<br>14.2 D. 8<br>14.3 A. 36<br>14.4 C. 2022 | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) | [2]<br>[2]<br>[2]<br>[2] |
| 15. | Feit<br>miljoene rande | (1) | [3] |
| 16. | A. 3 / drie | (1) | [2] |
| 17. | Ja. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Khuba is steeds in die top vyf plaaslike flieks met die hoogste inkomste in Suid-Afrika. | (1) | [3] |
| 18. | Al die stories is stories van Afrika. | (1) | [4] |
| 19. | Ja, ek sal dit graag wil kyk, want<br>• ek hou van animasie films.<br>• ek hou van films wat in Suid-Afrika / Afrika gemaak is.<br>• ek hou van films wat diere in het.<br>Nee, ek sal nie die film wil kyk nie, want<br>• ek hou nie van diere nie.<br>• ek hou nie van Suid-Afrikaanse films nie.<br>• ek hou nie van animasie nie.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). | (1) | [3] |
| 20. | Die ateljee is in die middel van Kaapstad (middestad). | (2) | [5] |
| 21. | Hy glimlag breed. | (1) | [3] |
| 22. | Die 2012 gee vir ons die jaar wat die film vrygestel is. | (1) | [3] |
| 23. | Afrika | (1) | [4] |
| 24. | Huisgenoot | (1) | [1] |
| 25. | 28 Januarie 2022 | (1) | [2] |
| | **Totaal:** | **[30]** | |

| **Plakkaat [bl. 9]**<br>**Die film van die jaar!** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | Seal Team | (1) | [1] |
| 2. | "film van die jaar" | (1) | [5] |
| 3. | Tieners | (1) | [3] |
| 4. | Mening<br>• Daar is geen bewyse nie.<br>• Dit is net die adverteerder se opinie. | (1) | [4] |
| 5. | Jy kan kaartjies koop/bespreek deur:<br>• Die webwerf te besoek<br>• Die fliekteater te skakel | (1) | [2] |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. | Deur die webtuiste www.sealteam.co.za te besoek. | (1) | [2] |
| 7. | Jy kan ook die nommer 0800 123 123 skakel om kaartjies te bespreek. | (1) | [2] |
| 8. | 15 November 2023 | (1) | [1] |
| 9. | Die robbe se gesigsuitdrukking.<br>Die robbe lyk of hulle skree.<br>Die robbe se oë is groot oop.<br>[Enige TWEE. As leerder net sê gesigsuitdrukking kry hy/sy net een punt]. | (2) | [3] |
| 10. | Daar is ’n prentjie van Suid-Afrika se vlag in die vorm van ’n hartjie in die advertensie. | (1) | [3] |
| 11. | • groot letters<br>• vetdruk<br>(Enige EEN van die bogenoemde) | (1) | [1] |
| 12. | Ja.<br>• Dit trek aandag.<br>• Dit lyk interessant.<br>• Die prentjie trek my aandag.<br>Nee.<br>• Die advertensie trek nie aandag nie.<br>• Die advertensie is nie in kleur nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk). | (1) | [4] |
| 13. | Suid-Afrika | (1) | [3] |
| 14. | Om die sin te beklemtoon. | (1) | [2] |
| 15. | Fliekteater | (1) | [1] |
| | **Totaal:** | **[17]** | |

| **Strokiesprent [bl. 12]<br>Skaapstad** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | Wolfgang Amadeus | (1) | [1] |
| 2. | Kaapstad | (1) | [3] |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3. | Die skape lyk opgewonde en sommige hou borde op met boodskappe soos “SOEN MY” en “TROU MET MY” | (1) | [3] |
| 4. | Letterlik<br>’n Wolf sien ’n skaap as voedsel en sal ’n skaap vreet. | (2) | [3] |
| 5. | Die wolf sing oor sy liefde vir die skape, maar insinueer ook dat hy hulle wil eet. | (1) | [4] |
| 6. | Die strokiesprent is effektief omdat dit ’n ironiese situasie skep waar die wolf se romantiese liedjie ’n donker ondertoon het wat humoristies is. | (1) | [5] |
| 7. | Hy het skerp tande. | (1) | [3] |
| 8. | Nuwe<br>“Nuutste” | (1) | [2] |
| 9. | Wol oor jou oë toer | (1) | [1] |
| | **Totaal:** | **[10]** | |

| **Dialoog [bl. 14]**<br>**’n Uitnodiging na ’n konsert** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | Hy het kaartjies vir Afrikaans is Groot gekry. | (1) | [2] |
| 2. | • Deur die woord “opgewonde” in die neweteks.<br>• Deur die uitroepteken.<br>(Enige EEN van bogenoemde). | (1) | [3] |
| 3. | Nee.<br>“Nee, regtig?” | (1) | [2] |
| 4. | By sy ma. Sy ma het dit vir hom gekoop. | (1) | [1] |
| 5. | voorste gestoeltes | (1) | [3] |
| 6. | Sy fokus op wat sy gaan aantrek na die konsert toe. | (1) | [3] |
| 7. | Hy sê sy lyk altyd pragtig. | (1) | [3] |
| 8. | • Hy wil sy bene wys.<br>• Hy wil Megan beïndruk.<br>(Enige EEN van bogenoemde). | (1) | [4] |
| 9. | Nie gepas nie. | (1) | [2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10. | Hy dink dat daar ’n moontlikheid is dat hy in ’n advertensie kan speel. | (1) | [5 |
| 11. | Hy hou van Megan. | (1) | [3] |
| 12. | Jacques het pouse met Megan gepraat. | (1) | [2] |
| | **Totaal:** | **[10]** | |

**Opsomming [bl. 16]**

**Respek vir die teater**

**Puntetoekenning:**

- 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
- 3 punte vir taal
- Totaal punte: 10

**Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**

- 1–3 korrekte feite: 1 punt
- 4–5 korrekte feite: 2 punte
- 6–7 korrekte feite: 3 punte

**Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**

- 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
- 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

**Getal woorde:**

- Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (80 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die 80ste woord nasien en die res van die opsomming doodtrek. As die punt nog sin maak mag die leerling die punt kry.

| | **DIREKTE AANHALING** | **EIE WOORDE** |
|---|---|---|
| 1. | Wees altyd betyds. Dit is nog beter om vroeg te kom. | Moenie laat wees nie. |

| | | |
|---|---|---|
| 2. | Wees hoflik en vriendelik teenoor ander toeskouers en personeel. | Toon vriendelikheid en wees hoflik teenoor ander. |
| 3. | Skakel jou selfoon af of aktiveer die stil-funksie voordat jy die teater binnekom. | Sit jou selfoon af of op die stil-funksie. |
| 4. | Moenie foto's neem nie, aangesien dit hinderlik kan wees en die akteurs tydens die opvoering pla. | Moenie foto's neem nie want dit kan die akteurs steur. |
| 5. | Dit is baie steurend as mense gesels tydens die opvoering. Fluister as jy moet praat. | Moenie praat tydens die opvoering nie. / As jy moet praat, moet jy fluister. |
| 6. | Beperk jou beweging, sit eerder stil en wag vir pouse as jy iewers heen moet loop. | Moenie rondloop nie, wag tot pouse. |
| 7. | Onthou om jou applous te hou vir die einde van elke bedryf. | Gee vir die akteurs 'n applous aan die einde van die vertoning. |

## TEMA 2: MAAK 'N VERSKIL

**Leesbegrip [bl. 18]**
**So verwoes jou plastiek oseane**

| NO | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1. | Die skrywer gebruik die woord "jou". | (1) | [3] |
| 2. | planetêre krisis | (1) | [1] |
| 3. | "die toekomsprentjie lyk donker" | (1) | [1] |
| 4. | 50 kg plastiek per elke meter kuslyn | (1) | [2] |
| 5. | Adjunkdirekteur | (1) | [1] |
| 6. | Wêreldnatuurfonds | (1) | [2] |
| 7. | Dit is 'n organisasie sonder winsbejag wat iets daadwerkliks aan die krisis wil doen. | (1) | [1] |
| 8. | • Plastiek kan massa-uitwissing van ekosisteme veroorsaak.<br>• Plastiek kan die ineenstorting van ekosisteme veroorsaak. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (Enige EEN van die bogenoemde) | (1) | [3] |
| 9. | Dit is iemand wat nie iets doen om geld te verdien nie. | (1) | [3] |
| 10. | Die WWF se hoofdoel is om die natuur te beskerm. | (1) | [4] |
| 11. | 11.1 C. 13 jaar oud was.<br>11.2 A. het hulle 19894 kg plastiek uit die see verwyder.<br>11.3 D. 20 jaar oud.<br>11.4 B. om die vullis te verwyder. | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) | [1]<br>[1]<br>[1]<br>[1] |
| 12. | Die burgemeester is die hoogste gesag in die dorp. Om iets by hom te ontvang beteken jy word raakgesien deur 'n baie belangrike persoon.<br>(Of soortgelyk) | (1) | [4] |
| 13. | • Dit kan 'n negatiewe uitwerking op die oseaan en planeet hê omrede dit die oseaan besoedel.<br>• Mediese afval wat op strande uitspoel kan skadelik vir mense wees.<br>(Of soortgelyk) | (1) | [3] |
| 14. | • Vervaardiging van plastiek<br>• Die gebrek aan voldoende regulering daarvan | (2) | [3] |
| 15. | Waar die probleem begin / oorsprong van die probleem | (1) | [4] |
| 16. | Jy kan dit herwin. | (1) | [3] |
| 17. | Enige antwoord wat wys die leerder wil help om die omgewing te red / skoon te maak. TWEE praktiese goed. | (2) | [4] |
| 18. | Dat die leser kan sien waarvan die skrywer praat in die berig. | (1) | [3] |
| 19. | Beide wil die see/omgewing red van besoedeling. | (1) | [3] |
| 20. | Dit beteken lande stem ooreen oor 'n sekere saak. As die lande nie by die ooreenkoms hou nie, sal daar gevolge wees. | (1) | [3] |
| | **Totaal:** | **[25]** | |

| **Spotprent [bl. 21]**<br>**Waar is die vlaktes heen?** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | • Daar lê rommel voor haar. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Daar is gemors op die vlaktes.<br>• Daar is vuilgoed/vullis orals.<br>(Enige EEN van die bogenoemde of soortgelyk). | (1) | [3] |
| 2. | Die man staan vooroor gebuig. | (1) | [3] |
| 3. | Vrystaat | (1) | [2] |
| 4. | Vullis word nie verwyder nie. | (1) | [2] |
| 5. | Daar is ’n windpomp in die agtergrond. | (1) | [3] |
| 6. | Sy voel hartseer / teleurgesteld as gevolg van “Ai”. | (1) | [4] |
| 7. | B. Grondbesoedeling | (1) | [2] |
| 8. | Hulle help om die vullis te verwyder. / Die munisipaliteit aanspreeklik hou en teen hulle optree.<br>(Of soortgelyk). | (1) | [3] |
| 9. | Die man is lank en maer, die vrou is kort en vetter. | (1) | [4] |
| 10. | Nege weke | (1) | [1] |
| | **Totaal:** | **[10]** | |

| **E-pos [bl. 24]**<br>**Hulp by die DBV** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | Pieter | (1) | [1] |
| 2. | Om die DBV te gaan help (om skoon te maak en herstelwerk te gaan doen). | (1) | [3] |
| 3. | Dierebeskermingsvereniging | (1) | [2] |
| 4. | Deur die gebruik van ’n uitroepteken. | (1) | [2] |
| 5. | • Die skrywer is nie lui nie.<br>• Die skrywer gee om.<br>(Enige een of soortgelyk). | (1) | [3] |
| 6. | Pieter is ook lief vir diere. | (1) | [1] |
| 7. | By die DBV is daar verskillende diere en die vergelyking het ook ’n dier in. | (1) | [4] |
| 8. | Dit is die ontvangsdame wat ook by die DBV werk. | (1) | [3] |
| 9. | Pieter werk self (hy sny die gras). Hy is nie lui nie. | (1) | [3] |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10. | • Hulle kan instandhouding doen.<br>• Kos / komberse / medisyne koop vir die diere.<br>• Skoonmaakmiddels koop.<br>(Enige EEN van die bogenoemde) | (1) | [4] |
| 11. | “Antwoord my asseblief so gou as moontlik, want ek moet die dame môre laat weet.” | (1) | [2] |
| 12. | • Sy sê vir die seun dat hy ook lief vir diere is.<br>• Sy vertel vir die seun dat die hond in die foto oulik is.<br>• Sy het foto’s by die e-pos aangeheg.<br>(Enige EEN van die bogenoemde) | (1) | [2] |
| 13. | Ek is ook lief vir diere, daarom sal ek gaan help. /<br>Ek hou nie van diere nie, daarom sal ek haar nie gaan help nie.<br>(Enige een of soortgelyk). | (1) | [5] |
| 14. | Die krake in die mure moet gevul en geverf word. | (1) | [3] |
| 15. | • Ek voel kwaad dat mense nie na die diere kyk nie.<br>• Ek voel hartseer dat die honde in ’n hok is. | (1) | [3] |
| | **Totaal:** | **[15]** | |

**Opsomming [bl. 26]**

**Hoe kan jy ouer mense help?**

**Puntetoekenning:**

- 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
- 3 punte vir taal
- Totaal punte: 10

**Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**

- 1–3 korrekte feite: 1 punt
- 4–5 korrekte feite: 2 punte
- 6–7 korrekte feite: 3 punte

**Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**

- 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
- 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

**Getal woorde:**

- Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (80 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die 80ste woord nasien en die res van die opsomming doodtrek. As die punt nog sin maak mag die leerling die punt kry.
- Die opsomming moet in ’n paragraaf wees.

| | **DIREKTE AANHALING** | **EIE WOORDE** |
|---|---|---|
| 1. | Maak tyd om klein goedjies saam met hulle te doen | Gee jou tyd vir oumense. / Spandeer tyd saam met oumense. |
| 2. | Luister as hulle praat en gee aandag aan wat hulle sê. | Gee aandag en luister as hulle met jou praat. |
| 3. | Bied aan om take vir hulle te doen | Doen take vir hulle. / Gaan doen hulle inkopies / hang wasgoed op / maak tee. |
| 4. | Help hulle met tegnologie. | Wys oumense hoe om hulle selfone te gebruik. |
| 5. | Maak seker dat jou ouma of oupa altyd hulle medikasie drink. | Herinner oumense om hulle medikasie te drink. |
| 6. | Sorg ook dat hulle gesonde kos eet om te voorkom dat hulle siek word. | Berei vir hulle gesonde kos voor. / Moenie vir hulle gemorskos gee nie. |
| 7. | Die heel belangrikste ding wat jy vir oumense kan doen is om vir hulle baie liefde te gee. | Wys vir hulle dat jy lief is vir hulle. |

| TEMA 3: AFRIKAANS, MY TAAL |
|---|

| Leesbegrip [bl. 28]<br>Fliek oor broers vol humor, pluk aan jou hart | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1.1 | Frankie en Felipé | (1) | [1] |
| 1.2 | Alhoewel die film snaaks is, is dit ook ’n film wat aan jou hart raak (emosies). | (1) | [3] |
| 2. | NuMetro | (1) | [1] |
| 3. | Humor is **iets snaaks en nie ernstig nie,** maar as iets aan jou **hart pluk is dit ernstig** en het dit ’n emosionele aspek wat hartseer of ontstellend is.<br>(Beide moet genoem word). | (1) | [5] |
| 4. | Iets kan lekker, maar ook sleg wees op dieselfde tyd. | (1) | [4] |
| 5. | Die kykers gaan van die fliek hou (dit is snaaks), maar Bradley Olivier is oorlede en dit is die laaste produksie waarin kykers hom gaan sien. | (1) | [4] |
| 6. | • Hulle glimlag.<br>• Hulle waai.<br>• Hulle hou mekaar vas.<br>(Enige EEN van die bogenoemde of soortgelyk.) | (1) | [3] |
| 7. | kykNET | (1) | [1] |
| 8. | Teaterproduksies / radio | (1) | [3] |
| 9. | Die twee broers het nie dieselfde ma/pa nie. | (1) | [3] |
| 10.1 | B | (1) | [1] |
| 10.2 | D | (1) | [1] |
| 10.3 | A | (1) | [1] |
| 10.4 | C | (1) | [1] |
| 11. | Dit kan verwys na die akteurs wat gebruik word om die lesers te oorreed om die fliek te gaan kyk. | (1) | [3] |
| 12. | • Jy kan nie alles glo in die film nie, maar dit is nie onmoontlik nie. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Partykeer sal jy wonder of dit werklik kan gebeur.<br>• Daar gebeur goed in die film wat jou hartseer kan maak.<br>(Enige een van bogenoemde of soortgelyk). | (1) | [3] |
| 13. | • Armoede<br>• Kinders wat kinderhuis toe moet gaan<br>• Kinders wat nie met beide ouers grootword nie<br>(Enige een) | (1) | [3] |
| 14. | Die broers was kinders toe hulle geskei is. | (1) | [3] |
| 15. | Hulle pa het nie genoeg geld gehad om beide kinders groot te maak nie. | (1) | [2] |
| 16. | In die kinderhuis. | (1) | [1] |
| 17. | Hy kry skaam oor sy verlede. Hy kry skaam dat hy in ’n kinderhuis groot geword het. | (1) | [3] |
| 18.1 | Jy bedel vir iets. | (1) | [3] |
| 18.2 | Frankie het ’n sukses van sy lewe gemaak en Felipé sukkel. | (1) | [3] |
| 19. | • Dit is goeie storie.<br>• Dit is ’n hoogs vermaaklike fliek.<br>• Cupido en Olivier wys hul slag.<br>• Die fliek is vermaaklik, sonder pretensie, en bevat deernis.<br>(Enige EEN van die bogenoemde of soortgelyk). | (1) | [3] |
| 20. | Die woord “dalk” word gebruik. | (1) | [3] |
| | **Totaal:** | **[25]** | |

| **Advertensie [bl. 31]**<br>**KKNK 2022** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | Klein Karoo Nasionale Kunstefees | (1) | [2] |
| 2. | 2023 | (1) | [1] |
| 3. | Mense wat van kos, kuier en vermaak hou.<br>(Of soortgelyk) | (1) | [3] |
| 4. | • Die foto’s van bekende sangers<br>• Die verskillende lettertipes | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (Enige EEN of soortgelyk) | (1) | [3] |
| 5. | Daar is baie om te doen by die fees. Daar is vermaak vir almal.<br>(Of soortgelyk) | (1) | [2] |
| 6. | • Die leser word gelok met al die verskillende sangers<br>• Verskillende aktiwiteite<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | [3] |
| 7. | • Jy kan die KKNK op sosiale media volg.<br>• Jy kan die webtuiste www.webtickets.co.za besoek.<br>• Jy kan in koerante kyk vir inligting.<br>• Jy kan ook na die radio luister.<br>(Enige EEN van die bogenoemde of soortgelyk) | (1) | [2] |
| 8. | Demi-Lee Moore / Juanita du Plessis / Karin Kortje / Robin Pieterse / Jakkie Louw / Granville Michaels / Early B / Justin Vega / Leah / Ruhan du Toit<br>(Enige EEN van die bogenoemde) | (1) | [1] |
| 9. | R50 per persoon | (1) | [1] |
| 10. | Daar is ’n verskeidenheid goed om te doen, nie net vir volwassenes nie. | (1) | [3] |
| 11. | Die leser kan sien hoe lyk van die sangers wat by die fees gaan optree. | (1) | [3] |
| 12. | Dit is vermaak wat deur die hele gesin geniet kan word, bv. speletjies. | (1) | [4] |
| 13. | Iemand wat ’n fees besoek. | (1) | [3] |
| 14. | Ja<br>• Ek hou van Afrikaanse musiek.<br>• Ek hou van kuier.<br>• Daar is ’n verskeidenheid goed om te doen.<br>OF<br>Nee<br>• Ek hou nie van feeste nie.<br>• Ek hou nie van Afrikaanse musiek nie.<br>(Enige een met motivering) | (1) | [4] |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 15. | Ja<br>• Die advertensie trek jou aandag.<br>• Daar is ’n verskeidenheid platforms waar die KKNK bemark word en nie net in die koerant nie.<br>OF<br>Nee (met gepaste motivering)<br>(Enige een met motivering) | (1) | [5] |
| **Totaal:** | | **[15]** | |

| **Spotprent [bl. 33]**<br>**Woordeboek** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | • Daar is bagasie op die dak<br>• Die ma het gemaklike klere en plakkies aan.<br>• Die ma het ’n sonbril op haar kop.<br>(Enige een van bogenoemde) | (1) | [3] |
| 2. | Hengel / visvang<br>Daar is visstokke / toerusting op die dak van die motor. | (1) | [3] |
| 3. | Nee. Sy gesigsuitdrukking lyk nors / kwaad / onvriendelik. | (1) | [3] |
| 4. | Gauteng | (1) | [2] |
| 5. | Ja. Sy glimlag breed en lyk opgewonde. | (1) | [3] |
| 6. | Die boek wat die meisie dra. | (1) | [2] |
| 7. | ’n Woordeboek | (1) | [1] |
| 8. | Woorde opsoek wat haar pa sê. | (1) | [2] |
| 9. | Vloekwoorde | (1) | [4] |
| 10. | • Hy het padwoede.<br>• Die mense op die pad maak hom kwaad.<br>• Die mense op die pad bestuur nie goed nie.<br>(Enige een oof soortgelyk). | (1) | [2] |
| **Totaal:** | | **[10]** | |

| Grafiek [bl. 35]<br>Afrikaans is nog lank nie dood nie | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | • Hoofletters<br>• Grootdruk<br>(Enige een van bogenoemde) | (1) | [3] |
| 2. | 50% | (1) | [1] |
| 3. | By universiteite | (1) | [1] |
| 4. | Figuurlik<br>Dit beteken dat Afrikaans steeds gepraat word. | (1) | [3] |
| 5. | By die huis praat mense altyd hul moedertaal, anders as in professionele situasies soos by die werk of by universiteite waar die algemene taal Engels is.<br>(Of soortgelyk) | (1) | [4] |
| | **Totaal:** | **[5]** | |

**Opsomming [bl. 36]**

**Afrikaans, ons geliefde taal**

**Puntetoekenning:**

- 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
- 3 punte vir taal
- Totaal punte: 10

**Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**

- 1–3 korrekte feite: 1 punt
- 4–5 korrekte feite: 2 punte
- 6–7 korrekte feite: 3 punte

**Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**

- 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
- 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

**Getal woorde:**

- Nasieners moet die getal woorde verifieer.

- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (80 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die 80ste woord nasien en die res van die opsomming doodtrek. As die punt nog sin maak mag die leerling die punt kry.
- Die opsomming moet in ’n paragraaf wees.

| | **DIREKTE AANHALING** | **EIE WOORDE** |
|---|---|---|
| 1. | Ons moet onsself omring met Afrikaanse literatuur. Deur boeke te koop en te lees wat deur Afrikaanse skrywers geskryf is, ondersteun ons nie net die skrywers nie, maar verryk ons ook onsself. | Lees Afrikaanse boeke. |
| 2. | Gebruik die taal aktief. Praat soveel moontlik Afrikaans, of jy nou by die huis is of in die openbaar. | Praat Afrikaans orals waar jy gaan. |
| 3. | Skryfwerk bied nog ’n geleentheid om Afrikaans te bevorder. Of dit nou gaan oor briewe, dagboeke, blogs of plasings op sosiale media – om in Afrikaans te skryf help om die taal te beoefen en te versprei. | Gebruik Afrikaans as skryftaal. |
| 4. | Ons moet Afrikaanse media ondersteun deur na Afrikaanse films en TV-programme te kyk, na Afrikaanse musiek en radiostasies te luister, en Afrikaanse koerante en tydskrifte te koop. Dit help nie net om die taal lewendig te hou nie, maar vermaak ons ook. | Ondersteun Afrikaanse media soos films, TV-programme, musiek, radio, tydskrifte en koerante. |

| | | |
|---|---|---|
| 5. | As jy vriende of familielede het wat belangstel om Afrikaans te leer, wees ’n mentor vir hulle. | As jy mense ken wat Afrikaans wil leer, help hulle. |
| 6. | Deelname aan kulturele aktiwiteite soos feeste en markte is ’n wonderlike manier om in die gemeenskap betrokke te raak en jou liefde vir die taal uit te druk. | Neem aan kulturele aktiwiteite deel. |
| 7. | Laastens, maak gebruik van die krag van sosiale media om Afrikaanse inhoud te deel en te bevorder op platforms soos Facebook, X en Instagram. | Gebruik sosiale media om Afrikaanse inhoud te deel. |

## TEMA 4: BEROEPE

**Storie [bl. 38]**
**’n Vriendskap soos min . . .**

| NO | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1. | • Hy wou mense help.<br>• Hy wou vir mense baklei wat nie self kon nie.<br>• Hy wou vir ander veg.<br>(Enige EEN van die bogenoemde of soortgelyk) | (1) | [3] |
| 2. | • klein<br>• grondpad | (2) | [2] |
| 3. | struikelblokke | (1) | [1] |
| 4. | Figuurlik<br>Dit beteken dat hy met Wiskunde gesukkel het.<br>(Of soortgelyk) | (1) | [4] |
| 5.1 | Hy het nie baie vriende gehad nie. | (1) | [4] |
| 5.2 | • Wees altyd jouself.<br>• Dit is nie belangrik om baie vriende te hê nie. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Maak eerder ware vriende as baie vriende.<br>(Bogenoemde of enige soortgelyke positiewe raad) | (1) | [4] |
| 6. | Anesta | (1) | [1] |
| 7. | valkoog | (1) | [3] |
| 8. | beter | (1) | [3] |
| 9. | B. vasberade | (1) | [1] |
| 10.1 | C. Verdedig mense in die hof | (1) | [3] |
| 10.2 | E. Die plek waar jy studeer | (1) | [3] |
| 10.3 | D. Skryf berigte | (1) | [3] |
| 10.4 | B. Die plek waar ’n prokureur werk | (1) | [3] |
| 10.5 | A. Jy gee nie op nie | (1) | [3] |
| 11. | Toe die dag van sy finale eksamen aanbreek, het George met ’n kloppende hart die saal betree. | (1) | [1] |
| 12. | uitdagend | (1) | [3] |
| 13. | • Hy het gedink aan Anesta, aan al die ure wat hulle saam studeer het.<br>• Sy eie vasberadenheid.<br>(Enige EEN van die bogenoemde of soortgelyk) | (1) | [2] |
| 14. | Dit sluit by die goeie/positiewe nuus aan dat hy sy eksamen deur is. | (1) | [5] |
| 15. | Iemand wat na ander mense omsien (help / beskerm). | (1) | [3] |
| 16. | hartseer | (1) | [2] |
| 17. | Sy was deel van sy lewe en een van die redes hoekom hy nou ’n prokureur is. | (1) | [2] |
| 18. | • Hy het met sy neus in die boeke gesit.<br>• Hy het ure in die biblioteek spandeer.<br>(Enige EEN van die bogenoemde of soortgelyk) | (1) | [2] |
| 19. | Ja. Sy het hom ondersteun in sy droom.<br>(Of soortgelyke positiewe motivering) | (1) | [3] |
| 20. | • Jy kan jou drome waar maak as jy hard werk.<br>• Vriendskap kan jou help in jou lewe.<br>• Die regte vriende maak ’n goeie verskil in jou lewe. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (Enige van die bogenoemde of soortgelyk) | (1) | [5] |
| 21. | Gelag en gehuil<br>OF<br>Gehuil en blydskap | (2) | [3] |
| 22. | • Dit laat die leser dink wat in die storie gaan gebeur.<br>• Dit skep afwagting.<br>(Enige EEN van die bogenoemde of soortgelyk) | (1) | [3] |
| | **Totaal:** | **[25]** | |

| **Voorblad [bl. 41]**<br>***Foto's & fairy lights*** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | Foto's & (en) fairy lights | (1) | [1] |
| 2. | An-Mari do Carmo | (1) | [1] |
| 3. | • Die sonneblomme<br>• Die stringliggies (fairy lights)<br>• Die meisie op die voorblad glimlag<br>(Enige TWEE van die bogenoemde) | (2) | [3] |
| 4. | kamera | (1) | [2] |
| 5. | • Die persoon wat 'n kamera vashou, kan aandui dat die boek oor fotografie of herinneringe gaan.<br>• Dis 'n jong persoon wat aandui dat die boek die tema van selfontdekking of identiteitskwessies aanraak.<br>(Enige een van bogenoemde of soortgelyk) | (1) | [4] |
| 6. | Die illustrasies pas goed by die titel omdat dit 'n visuele voorstelling bied van **herinneringe en spesiale oomblikke**, wat deur die **kamera en liggies gesimboliseer** word. | (2) | [3] |
| 7. | Jy kan sien die meisie glimlag. | (1) | [3] |
| 8. | Jonk.<br>• Sy dra moderne klere.<br>• Haar gesig het nie plooie nie.<br>• Sy lyk jonk. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (Enige een van bogenoemde of soortgelyk) | (1) | [2] |
| 9. | Die titel is in verskillende skrif/font geskryf. | (1) | [2] |
| 10. | Ek sou dalk die gesig van die persoon meer wys (agter die kamera uit) om ’n bietjie meer emosie en herkenbaarheid by te voeg, terwyl ’n mate van misterie steeds behou word.<br>(Enige logiese antwoord kan aanvaar word) | (1) | [5] |
| | **Totaal:** | **[12]** | |

| **Leesbegrip [bl. 43]**<br>***Foto’s & fairy lights*** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | Elzandri | (1) | [1] |
| 2. | Sy moet bewys dat sy haar eie toekomsbesluite kan neem. | (1) | [1] |
| 3. | Haar pa glo universiteit is die enigste pad na sukses, terwyl Elzandri glo sy kan haar drome en doelwitte op haar eie manier bereik. | (1) | [3] |
| 4. | Fotografie | (1) | [1] |
| 5. | Dit kan haar help om haar passie vir fotografie in ’n besigheid te omskep en haar pa se vertroue te wen.<br>(Of soortgelyk) | (1) | [4] |
| 6. | Omdat die buurseun humeurige en afstandelike gedrag het en nie maklik is om mee oor die weg te kom nie. | (1) | [3] |
| 7. | Deursettingsvermoë en vasberadenheid | (1) | [4] |
| 8. | Dit is nie maklik nie / dit is moeilik. | (1) | [3] |
| 9. | Tieners is ook op die ouderdom waar hulle moet besluit wat hulle toekomsplanne is.<br>(Of soortgelyk) | (1) | [3] |
| | **Totaal:** | **[9]** | |

| **Strokiesprent [bl. 45]**<br>**’n Dag in die lewe van ’n onderwyser** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | Neelsie het lelik met die onderwyser gepraat. | (1) | [3] |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2. | • Sy gesigsuitdrukking<br>• Sy mond is oop, dit lyk of hy skree<br>• Sy hare staan regop<br>• Hy wys sy vinger na Neelsie<br>• Sy oë<br>(Enige TWEE van die bogenoemde of soortgelyk) | (1) | [3] |
| 3. | Neelsie is rustig.<br>Die onderwyser lyk gespanne en kwaad. | (2) | [3] |
| 4. | Skooldae is gewoonlik in die dag. Neelsie en die onderwyser is by die skool. | (1) | [3] |
| 5. | Neelsie sê die onderwyser moet chill, wat beteken **om kalm te wees**, maar met sy woorde maak hy die onderwyser **meer kwaad.** | (2) | [4] |
| 6. | In die klaskamer. Neelsie is by die skool en die onderwyser stuur hom uit. | (1) | [2] |
| 7. | • Hoofletters<br>• Vetgedruk<br>• Uitroepteken<br>(Enige een van die bogenoemde) | (1) | [2] |
| 8. | Hy dra 'n das. | (1) | [2] |
| 9. | laks | (1) | [2] |
| 10. | Danie Cronjé | (1) | [3] |
| | **Totaal:** | **[12]** | |

| **Spotprent [bl. 47]**<br>**Onderwyser** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | • Sy dra pantoffels<br>• Sy dra 'n japon/kamerjas<br>• Haar hare is nog in krullers<br>(Enige TWEE van bogenoemde) | (2) | [3] |
| 2. | • Hy gooi sy klere en skoene by die kamer uit | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Drie uitroeptekens word gebruik vir beklemtoning<br>• Die frase "wil nie" word drie keer herhaal<br>(Enige TWEE van bogenoemde) | (2) | [3] |
| 3. | • Hy hou nie van sy werk nie<br>• Hy kom nie oor die weg met sy kollegas/onderwysers nie<br>• Die leerders gee hom te veel probleme<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk) | (1) | [5] |
| 4. | Gewoonlik is dit leerders wat nie skool toe wil gaan nie, met die ouers wat dan sukkel om die kinders uit die bed te kry. Nou is dit die onderwyser wat reeds 'n volwassene is, wat soos 'n kind sy ontevredenheid wys en nie skool toe wil gaan nie, terwyl sy ma sukkel om haar volwasse kind uit die bed te kry. | (2) | [5] |
| 5. | Figuurlik<br>Daar moet ondersteuning / moed vir die onderwysers gegee word, nie elektrisiteit nie. | (2) | [4] |
| 6. | • Daar is 'n skootrekenaar<br>• Daar is skryfbehoeftes<br>• Daar is 'n lessenaarlamp<br>• Daar is 'n lessenaar en kantoorstoel<br>(Enige TWEE van bogenoemde) | (2) | [3] |
| 7. | woede / frustrasie / ontevredenheid<br>(Enige een of soortgelyke negatiewe emosie) | (1) | [5] |
| 8. | Netwerk24 | (1) | [1] |
| 9. | Want Januarie is die begin van die nuwe skooljaar. Skole heropen ná die Desembervakansie. | (1) | [5] |
| | **Totaal:** | **[14]** | |

| **Advertensie [bl. 49]**<br>**Plaasjapie** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | kykNET | (1) | [1] |
| 2. | Boer | (1) | [3] |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3. | Iemand wat in die stad bly. | (1) | [3] |
| 4. | Die ruimte is 'n plaas, want<br>• Jy kan 'n plaas in die agtergrond sien<br>• Jy sien 'n koei<br>• Jy sien mielies<br>• Jy sien toerusting wat op 'n plaas gebruik word | (2) | [4] |
| 5. | • Hy is dalk ook 'n boer<br>• Hy het dalk op 'n plaas grootgeword<br>• Hy hou van die plaaslewe<br>• Hy hou daarvan om realiteitsprogramme aan te bied<br>(Een van die bogenoemde of enige ander sinvolle motivering) | (1) | [2] |
| 6. | dorpsjapies | (1) | [3] |
| 7. | 11 April | (1) | [1] |
| 8. | Donderdae | (1) | [1] |
| 9. | Ja<br>• Ek hou van realiteitsprogramme<br>• Ek hou van boerdery / die plaaslewe<br>Nee<br>• Ek kyk nie televisie nie<br>• Ek hou nie van die plaaslewe nie<br>• Ek hou nie van realiteitsprogramme nie<br>(Enige een met sinvolle motivering) | (1) | [4] |
| 10. | • Hy dra 'n tipiese hemp en broek wat boere dra<br>• Hy dra 'n pet<br>• Hy dra klere wat boere sal dra<br>(Enige EEN van bogenoemde) | (1) | [3] |
| 11.1 | B. word gebruik om voer op te tel | (1) | [2] |
| 11.2 | C. stel die diere op die plaas voor | (1) | [2] |
| 11.3 | A. word gebruik om 'n gat te grawe | (1) | [2] |
| 12. | Herfs | (1) | [3] |
| | **Totaal:** | **[15]** | |

| **Opsomming [bl. 51]**<br>**Sukses begin terwyl jy in die skool is!** |
|---|
| **Puntetoekenning:**<br>• 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)<br>• 3 punte vir taal<br>• Totaal punte: 10<br>**Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**<br>• 1–3 korrekte feite: 1 punt<br>• 4–5 korrekte feite: 2 punte<br>• 6–7 korrekte feite: 3 punte<br>**Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**<br>• 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie<br>• 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken<br>**LET WEL:**<br>**Getal woorde:**<br>• Nasieners moet die getal woorde verifieer.<br>• Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.<br>• Indien die maksimum getal woorde (80 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die 80ste woord nasien en die res van die opsomming doodtrek. As die punt nog sin maak mag die leerling die punt kry.<br>• Die opsomming moet in ’n paragraaf wees. |

| | **DIREKTE AANHALING** | **EIE WOORDE** |
|---|---|---|
| 1. | Studeer altyd hard. Dit is belangrik om genoeg tyd aan jou studies te bestee. | Werk en studeer hard. |
| 2. | Ontwikkel kommunikasievaardighede. Leer om duidelik te praat, goed te luister en effektief te kommunikeer met mense uit verskillende agtergronde. | Ontwikkel vaardighede om beter te kommunikeer. |
| 3. | Verken verskillende vakke. Jy moet die regte vakke kies om jou drome | Ondersoek verskillende vakke op skool voordat jy op ’n beroep besluit. |

| | | |
|---|---|---|
| | waar te maak. Verken ’n wye verskeidenheid vakke en belangstellings. As jy jou dadelik tot een vak of beroep verbind, kan jy dalk die verkeerde besluit neem. | |
| 4. | Wees ’n sterk leier in alles wat jy doen. | Wees ’n leier en stel ’n voorbeeld. |
| 5. | Bou ’n sterk netwerk op. Maak kontak met mense in die bedryf waarin jy belangstel. | Bou ’n network van mense op wat jou kan help. |
| 6. | Soek aktief na geleenthede om jouself te verbeter. | Jy moet self ook soek na geleenthede om jouself te verbeter. |
| 7. | Hou lewenslank aan met leer. | Hou altyd aan met leer, moet nooit stop nie. |

## TEMA 5: SPORT

**Leesbegrip [bl. 54]**
**Vyfster-Steyn!**

| NO | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | • Die titel dui daarop dat Gerda Steyn ’n uitsonderlike prestasie behaal het wat haar verras/verbaas het.<br>• Gerda Steyn het ’n merkwaardige prestasie behaal wat haar verras het.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). | (1) | [3] |
| 1.2 | • Steyn se prestasie is indrukwekkend.<br>• Dit ontlok ’n sterk emosionele reaksie by die lesers.<br>• Versterk die titel se intensiteit.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk). | (1) | [3] |
| 2.1 | Figuurlik<br>Sy dra nie regtig ’n kroon nie. Die verwysing na die kroon beklemtoon dat dit’n uitsonderlike prestasie is. | (1) | [3] |
| 2.2 | Figuurlik | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Gerda moes vinniger hardloop. | (1) | [3] |
| 3. | B. baie verbeter | (1) | [3] |
| 4. | • Sy is die eerste atleet tot op hede wat dié wedloop vyf keer kon wen.<br>• Sy het dit agtereenvolgens gedoen.<br>(Enige EEN van bogenoemde). | (1) | [2] |
| 5. | Dat die leser kan sien hoe Gerda lyk. | (1) | [3] |
| 6. | Sy sou hartseer / teleurgesteld gewees het.<br>OF<br>Sy sou dankbaar gewees het dat sy steeds die wedloop kon voltooi.<br>(Enige een van bogenoemde met sinvolle motivering) | (1) | [4] |
| 7. | nie die rekord sal breek nie | (1) | [1] |
| 8. | 3 uur en 26 minute / 3:26:00 | (1) | [1] |
| 9. | Nee<br>• Sy het nie juis na die stophorlosie gekyk nie<br>• Sy wou net wen<br>(Enige een van bogenoemde) | (1) | [1] |
| 10. | • Jy moet positief bly – positiewe gedagtes hê.<br>• Jy moet gefokus bly.<br>(Enige een van bogenoemde of soortgelyk). | (1) | [4] |
| 11. | Dit verwys na die plek waar jy gebore is. | (1) | [4] |
| 12. | Dit is wanneer iets aanloklik is. | (1) | [3] |
| 13.1 | B. Sy eindig eerste in die wedloop | (1) | [1] |
| 13.2 | D. Sy eindig tweede in die wedloop | (1) | [1] |
| 13.3 | C. Irvette se man | (1) | [1] |
| 13.4 | A. Die stad waar die wedloop gehou word | (1) | [1] |
| 14. | Twee Oseane-ultramarathon | (1) | [1] |
| 15. | groot teiken<br>OF<br>lank voorberei | (1) | [1] |
| 16. | • Sy was moeg (fisies en emosioneel) | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Sy was hartseer dat sy tweede is<br>• Sy was dankbaar dat sy die wedloop voltooi het.<br>(Enige een van bogenoemde of soortgelyk) | (1) | [3] |
| 17. | Hulle werk hard om hulle droom waar te maak. | (1) | [4] |
| 18. | Hulle is albei atlete. | (1) | [3] |
| 19. | • Jy moet gesond eet / leef.<br>• Jy moet elke dag oefen.<br>• Jy moet positief bly.<br>(Of soortgelyk) | (1) | [3] |
| 20. | As jy hard werk kan jou drome waar word.<br>(Of soortgelyk) | (1) | [5] |
| 21. | Die Twee Oseane-ultramarathon was haar groot teiken en sy het lank voorberei om gereed te wees vir die wedloop, wat haar sukses verseker het. | (1) | [4] |
| 22. | Van Zyl het die vorige dag by die 4 km-merk geval en het pyn ervaar toe sy die eindstreep oorsteek. | (1) | [3] |
| 23. | Haar nuwe rekordtyd was 3 ure, 26 minute en 54 sekondes. | (1) | [1] |
| 24. | Sy het die pylvlak by die Universiteit van Kaapstad bereik. | (1) | [2] |
| 25. | Sy het haarself verbaas omdat sy nie verwag het om die rekord te breek totdat sy die tyd op die stophorlosie gesien het nie. | (1) | [3] |
| | **Totaal:** | **[30]** | |

| **Oefenprogram [bl. 58]**<br>**Sewe dae na ’n beter jy!** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | Sewe dae. | (1) | [1] |
| 2. | Nee<br>• Dit is te min tyd. Dit neem tyd vir jou liggaam om te verander.<br>Ja<br>• Die tyd is genoeg, jy sal begin beter voel oor jouself en jou gesondheid. Jou liggaam pas gou aan. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (Enige een met sinvolle motivering) | (1) | [4] |
| 3. | • Stap<br>• Dans<br>• Fietsry<br>• Opsitte<br>(Enige een van bogenoemde) | (1) | [1] |
| 4. | kardio | (1) | [1] |
| 5. | Gesonde eetgewoontes. | (1) | [3] |
| 6. | Dag 3 | (1) | [3] |
| 7. | • Sodat jou spiere soepel kan wees en jy kan ontspan.<br>• Sodat jy jou spiere kan opwarm.<br>(Enige een van bogenoemde) | (1) | [2] |
| 8. | Jy het nie toerusting nodig nie. Jy kan items gebruik wat in jou huis is. | (1) | [3] |
| 9. | Jou lyf moet herstel.<br>(Of soortgelyk) | (1) | [3] |
| 10. | Ja<br>• Dit fokus op verskeie gedeeltes van jou liggaam.<br>• Dit gee goeie raad.<br>Nee<br>• Die oefening is te min.<br>• Die tydperk is te min sodat jy ’n verskil kan sien.<br>(Enige een met sinvolle motivering) | (1) | [4] |
| | **Totaal:** | **[10]** | |

| **Plakkaat [bl. 60]**<br>**Boeresport** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | • Mense wat pret wil hê.<br>• Aktiewe mense.<br>• Mense wat daarvan hou om sport te doen.<br>• Skoolkinders | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (Enige EEN van die bogenoemde of soortgelyk). | (1) | [3] |
| 2. | • Dit is sport wat die boere lank gelede gedoen het.<br>• Sport wat gedoen word vir pret.<br>(Enige EEN van die bogenoemde of soortgelyk). | (1) | [3] |
| 3. | • Dit is in hoofletters.<br>• Dis is groot geskryf.<br>• Dit is in vetdruk.<br>(Enige EEN van die bogenoemde of soortgelyk). | (1) | [3] |
| 4. | Hoërskool Patriot / HS Patriot | (1) | [1] |
| 5. | 1 April 2024 | (1) | [1] |
| 6. | www.patties.co.za | (1) | [1] |
| 7. | Die adverteerder dui aan dat daar pryse te wen is. | (1) | [3] |
| 8. | • Eierresies<br>• Driebeenresies<br>• Toutrek<br>(Leerling kan enige speletjie noem wat sal werk vir ’n boeresportdag) | (1) | [4] |
| 9. | 013 697 5069 | (1) | [1] |
| 10. | Ja<br>• Ek hou van boeresport.<br>• Ek is ’n aktiewe mens.<br>• Dit klink na pret.<br>Nee<br>• Ek hou nie van boeresport nie.<br>• Ek is nie aktief nie.<br>(Enige een met sinvolle motivering) | (1) | [4] |
| | **Totaal:** | **[10]** | |

| **Spotprent [bl. 61]**<br>**Springbokke** | | | |
|---|---|---|---|
| **NO** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1. | • Sy het plooie om haar oë. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Haar gesig is verrimpeld en ingesak.<br>• Haar oë lyk moeg.<br>(Enige EEN van bogenoemde). | (1) | [3] |
| 2. | • Sy hou van rugby as sport<br>• Sy is ’n trotse Suid-Afrikaner<br>• Die Springbokke is haar gunstelingspan<br>(Enige EEN van bogenoemde). | (1) | [3] |
| 3. | Sondag (die volgende Sondag) | (1) | [1] |
| 4. | Openingswedstryd | (1) | [1] |
| 5. | • Die ouma en oupa dra langmouklere.<br>• Daar is ’n fles (moontlik met koffie) op die tafel.<br>• Die ouma het ’n kombers oor haar bene.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk) | (1) | [3] |
| 6. | • Sy is gereed vir die Wêreldbeker, al het dit nog nie begin nie.<br>• Sy is baie opgewonde.<br>(Enige EEN van bogenoemde). | (1) | [4] |
| 7. | Die Wêreldbeker | (1) | [2] |
| 8. | Beeld | (1) | [1] |
| 9. | Springbokke | (1) | [2] |
| 10. | • Sy gesigsuitdrukking is nie gespanne nie.<br>• Hy staan met sy hande in sy sakke.<br>(Enige EEN van bogenoemde of soortgelyk) | (1) | [3] |
| 11.1 | C. Gedroogde vleis | (1) | [3] |
| 11.2 | A. Suid-Afrika se nasionale span | (1) | [3] |
| 11.3 | B. Mense wat na die wedstryde kyk | (1) | [3] |
| 11.4 | D. Die mense wat in die span speel | (1) | [3] |
| 12. | ’n Hond. | (1) | [2] |
| | **Totaal:** | **[15]** | |

| **Opsomming [bl. 63]**<br>**Netbal: ’n Gesonde en gesellige aktiwiteit** |
|---|
| **Puntetoekenning:**<br>• 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)<br>• 3 punte vir taal<br>• Totaal punte: 10<br>**Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**<br>• 1–3 korrekte feite: 1 punt<br>• 4–5 korrekte feite: 2 punte<br>• 6–7 korrekte feite: 3 punte<br>**Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**<br>• 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie<br>• 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken<br><br>**LET WEL:**<br>**Getal woorde:**<br>• Nasieners moet die getal woorde verifieer.<br>• Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.<br>• Indien die maksimum getal woorde (80 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die 80ste woord nasien en die res van die opsomming doodtrek. As die punt nog sin maak mag die leerling die punt kry.<br>• Die opsomming moet in ’n paragraaf wees. |

| | **DIREKTE AANHALING** | **EIE WOORDE** |
|---|---|---|
| 1. | Netbal is ’n kardiovaskulêre oefening wat die hart en longe stimuleer. Dit help om die bloedsirkulasie te verbeter en algehele fiksheid te bevorder. | Jou hart en longe word gestimuleer deur kardiovaskulêre oefening. /<br>Dit verbeter jou bloedsirkulasie en algehele fiksheid. |
| 2. | Die herhaalde beweging van hardloop, spring en balhantering versterk die spiere en verbeter uithouvermoë. | Die herhaling van spring en balhantering maak jou spiere sterk en verbeter jou uithouvermoë. |

| | | |
|---|---|---|
| 3. | Netbal vereis goeie hand-oogkoördi-nasie en balans, wat jou nie net in die sport sal help nie, maar ook in jou daaglikse lewe. Dit is ’n uitstekende manier om hierdie vaardighede te ontwikkel. | Netbal ontwikkel jou hand-oogkoördinasie en balans. |
| 4. | Die spel word in ’n spankonteks gespeel, wat die geleentheid bied om nuwe mense te ontmoet en vriendskappe te smee. | Netbal is ’n spansport en bied geleenthede om nuwe vriende te maak. |
| 5. | Fisieke aktiwiteite soos netbal help om stres te verminder en ’n positiewe gemoedstoestand te bevorder. | Deur netbal te speel kan jy jou stres verminder. |
| 6. | Deelname aan netbal kan ’n positiewe invloed op jou algehele gesondheid hê, insluitend die vermindering van kanse op siektes. | Deur netbal te speel kan jou algehele gesondheid verbeter en jou kanse op siektes is minder. |
| 7. | Dit bied ’n balans tussen gesondheid, sosiale interaksie en pret. | Jy sal ’n balans hê tussen jou gesondheid en sosiale interaksie met ander. |